



Finansies Beleid: Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Die beleid verskaf die finansiële riglyne soos bepaal deur die Wet wat geld indien die US BTW wil terugeis, die metode waarvolgens 'n kostepunt se BTW-terugeis persentasie bepaal word en die skep van fakture
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	5/4/2009
Implementeringsdatum:	5/4/2009
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar²¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²²:	Hoofdirekteur: Finansies
Sleutelwoorde:	Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), BTW, BTW-terugeis persentasie
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

²¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

²² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

3.1 BTW

Beleidnr: 005A/25/03/09

Bestek: Die beleid verskaf die finansiële riglyne soos bepaal deur die Wet wat geld indien die US BTW wil terugeis, die metode waarvolgens 'n kostepunt se BTW-terugeis persentasie bepaal word en die skop van fakture.

Beleid:

Die basiese begrippe rondom BTW soos uitsetbelasting, insetbelasting, belasbare lewerings en vrygestelde lewerings word algemeen deur personeel van die Universiteit in die daaglikse uitvoering van hulle take gebruik. Volledigheidshalwe word hierdie begrippe hieronder kortliks verduidelik:

UITSETBELASTING

Uitsetbelasting is die belasting wat gehef word wanneer 'n onderneming belasbare lewerings maak (BTW op Verkope).

INSETBELASTING

Insetbelasting is die belasting wat gehef word ten opsigte van goedere en dienste wat aangekoop word om belasbare lewerings te maak (BTW op Aankope).

VRYGESTELDE LEWERINGS

Sommige lewerings van goedere en dienste is vrygestel van BTW. Insetbelasting ten opsigte van sodanige aankope is nie terugeisbaar nie. Opvoedkundige dienste en skenkings is byvoorbeeld vrygestel van BTW.

BELASBARE LEWERINGS TEEN STANDAARDKOERS

Lewerings van goedere en dienste is belasbaar teen die standaard BTW-koers en insetbelasting kan teen uitsetbelasting verreken word. In die praktyk sal lewering van goedere en dienste in die algemeen belasbaar wees.

TERUGEIS PERSENTASIE VAN 'N KOSTEPUNT

Alle kostepunte het 'n BTW-terugeis persentasie wat wissel tussen 0% en 100%. Hierdie persentasie word bereken as 'n persentasie van belasbare lewerings oor totale lewerings (belasbare plus nie-belasbare verkope). Hierdie persentasie het niks te doen met die uitset BTW wat aan die Ontvanger van Inkomste oorbetaal moet word nie. Alle oorbetalings aan die Ontvanger is normaalweg die volle 14% BTW op 'n spesifieke belasbare inkomste. Die BTW-terugeis persentasie kan vasgestel word op programme FFB007P en FFB184P.

Voorbeeld:

Veronderstel kostepunt X kry jaarlikse belasbare inkomste van R250 en 'n nie-belasbare inkomste van R250. Gevolglik is kostepunt X se totale inkomste R500 vir die jaar. Die BTW-terugeis persentasie kan gevolglik soos volg voorgestel word:

$$\frac{\text{Belasbare Inkomste}}{\text{Totale Inkomste}} \times \frac{100}{1} = \frac{250}{500} \times \frac{100}{1} = 50\%$$

Veronderstel kostepunt X sou nou gedurende die jaar 'n uitgawe van R228 aangaan: Hierdie R228 bestaan dus uit 'n tarief + 14% BTW waar die BTW soos volg bereken word:

$$\frac{14}{114} \times \frac{228}{1} = R28$$

Omdat die kostepunt 'n 50% BTW terugeis persentasie het, kan daar dus

$$\frac{50}{100} \times \frac{28}{1} \quad \text{d.w.s. R14 van die inset BTW teruggeëis word.}$$

Op die R250 belasbare inkomste moet daar egter $\frac{250}{1} \times \frac{14}{114} = R30.70$ aan die Ontvanger oorbetaal word, dit wil sê die volle 14% BTW.

TERUGEIS VAN BTW

Vir die terugeis van BTW is daar drie tipes belastingfakture van toepassing. Elke tipe het sy eie vereistes waaraan 'n belastingfakture moet voldoen voordat BTW teruggeëis kan word.

Fakture groter as R5 000 (Ingesluit BTW)

Die volgende informasie moet op die fakture wees:

- dat dit 'n belastingfakture is.
- die verskaffer se naam, adres en BTW registrasienommer.
- die naam, adres en BTW registrasienommer van die aankoper.
- die fakturenommer en datum.
- 'n beskrywing van die goedere en die hoeveelheid.
- die waarde van die goedere en die belasting gevra.

Fakture kleiner as R5 000 (Ingesluit BTW)

Wanneer die totale bedrag van die fakture ingesluit BTW nie R5 000 oorskry nie, is bogenoemde nog steeds van toepassing. Dit is egter nie nodig dat die verskaffer se adres, die ontvanger se naam, adres en BTW registrasienommer of die hoeveelheid goedere aangetoon word nie.

Situasies waar die totale bedrag ingesluit BTW kleiner as R50 is en dit nie nodig is om 'n fakture te genereer nie

Wanneer die totale bedrag ingesluit BTW nie R50 nie is dit nie nodig om 'n fakture te genereer nie. Enige aankoper wat BTW wil terugeis moet kan bewys lewer van die aankope en die feit dat BTW gehef is. Dit is belangrik om die naam van die verskaffer en die feit dat BTW gehef is aan te dui op die strokie.

BTW-HEFFING MET DIE UITREIK VAN FAKTURE

Alle buitewerk, navorsing, konsultasie en goedere wat deur departemente gelewer word, moet gefaktureer word via die debiteure stelsel. Alle fakture wat uitgereik word, moet goedgekeur word deur die persoon teen wie se kostepunt die faktuur uitgereik word of die departementshoof/dissipline hoof/uitvoerende hoof. Die persoon wat die faktuur uitreik moet die korrekte inkomsterekening gebruik. Indien daar enige twyfel is, moet Finansiële Dienste gekontak word.

Geen fakture mag op Universiteit Stellenbosch briefhoofde of met rekenaarprogramme geskep word nie. Die debiteure stelsel moet ten alle tye gebruik word om fakture te skep.

Die volgende inkomsterekening word gebruik tydens die uitreik van binnelandse (plaaslike) fakture:

- 5388 - Inkomste borgskappe: Borgskappe word teen hierdie inkomsterekening inbetaal. BTW word gehef.
- 5413 - Opdragnavorsing: Fondse verkry vir kontraknavorsing word teen hierdie inkomsterekening inbetaal. BTW word gehef.
- 5415 - Verkope nulkoers: Fondse verkry uit die verkoop van vrygestelde produkte (meestal landbouprodukte) word teen hierdie inkomsterekening inbetaal. Geen BTW word gehef nie.
- 5597 - Diverse inkomste (Belasbaar): Fondse wat ontvang word vir dienste gelewer, goedere gelewer, navorsing en enige ander belasbare lewerings moet teen hierdie inkomsterekening inbetaal word, uitgesonder betalings vanaf die NNS, WNK, ander statutêre rade en inkomste wat spesifiek tuishoort onder een van die genoemde inkomsterekeninge. BTW word gehef.
- 5267 - Departement Waterwese en Bosbou: Fondse ontvang vanaf die Departement Waterwese en Bosbou word teen die inkomsterekening inbetaal. BTW word gehef.
- 5270 - DST inkomste: Fondse ontvang vanaf DST word teen die inkomsterekening inbetaal.
- 5307 - Waternavorsingskommissie: Fondse ontvang vanaf die Waternavorsingskommissie word teen die inkomsterekening inbetaal. BTW word gehef.
- 5387 - Inkomste Beurse: Fondse ontvang vir die uitbetaling van beurse. Geen BTW word gehef nie.
- 5777 – Inkomste ontvang vir die bywoning van opvoedkundige kursusse, seminare of kongresse. Geen BTW word gehef nie.

Die volgende inkomsterekening word gebruik tydens die uitreik van buitelandse fakture:

- 5777 – Inkomste ontvang vir die bywoning van opvoedkundige kursusse, seminare of kongresse.
- 5387 – Inkomste Beurse: Fondse ontvang vir die uitbetaling van beurse.
- 5598 – Inkomste Buitelands Nulkoers: Fondse verkry vir dienste gelewer, goedere gelewer en enige ander belasbare lewerings gedoen word teen die inkomsterekening inbetaal.
- 5592 – Inkomste Buitelands Vrygestel: Inkomste ontvang van die buiteland vir die maak van nie-belasbare lewerings, uitgesluit inkomste wat tuishoort onder 5777,5387 of 5373 (skenkings).

Let wel geen BTW word gehef op enige inkomste vanaf die buiteland nie.

Skenkings, hetsy binnelands of buitelands, word inbetaal via die afdeling Bemarking en Kommunikasie op inkomsterekening 5373. Geen faktuur mag uitgereik word vir die inbetaling van 'n skenking nie.

Geen fakture mag teen die inkomsterekening 5596 uitgereik word sonder vooraf goedkeuring deur Finansiële Dienste nie.

Wanneer pryse vir goedere en dienste gekwoteer word moet die kwotasie in die geval van belasbare lewerings vir BTW voorsiening maak.

Geen inkomste mag teen 'n uitgawerekening te boek gestel word nie.

Kontak afdeling:
Finansiële Dienste